

KALIBREER

Die gemeentes van Openbaring



OPENBARING 2:18-29 KALIBREER V TIATIRA – ONS IS WAT ONS VERDRA (TOELAAT)

Agtergrond: Vandag gesels ons saam oor die vierde gemeente van Klein-Asië met die naam van Tiatira. Wat weet ons van Tiatira?

Tiatira was die kleinste en onbekendste van die sewe stede waarvan ons in Openbaring hoor. Die stad het sowat 64-kilometer suid-oos van Pergamum gelê op die pad na Sardis en bestaan vandag nog as die moderne Akisar. Akisar beteken “wit kasteel” en is vandag bekend vir tabak en veral dan ook vir uitstaande olyfolie.

Aleksander die Grote het Tiatira gestig as ’n militêre pos wat vir ’n groot deel van sy bestaan die funksie gehad het om die hoofstad Pergamum te beskerm en as’t ware ’n eerste linie van verdediging te vorm teen aanvalle op die groter, politiek-belangriker stad Pergamum.

Tiatira het egter oor die loop van tyd ’n naam verwerf vir hulle vervaardigingsbedryf en klein industrieë.

Daar was van alle soorte bedrywe in die stad – tekstiel werkers, skoenmakers, hulle brons smede het van die beste

juweliersware gemaak uit koper en silwer, pottebakkers, broodbakkers en selfs slawehandelaars. Dit het ook beteken dat gildes of vakbonde ’n baie groot rol in die stad gespeel het. Elke vakbond of gilde het ’n eie god of godin as beskermmer gehad aan wie groot feeste gewy is. Wanneer christene geweier het om aan die feeste deel te neem, is hulle gebrandmerk as asosiaal en selfs as ateïste uitgekryt. Dit het onmiddellik ook beteken dat hulle werk daardeur geraak kon word. Hulle kon selfs hulle werk verloor het omdat hulle nie deelgeneem het aan die feeste nie.

Alhoewel Tiatira die kleinste en onbelangrikste stad van die 7 stede was word aan die gemeente die langste brief geskryf.

Skriflesing: Openbaring 2:18-29

Die gemeente word geprys vir wie hulle is vers 19:

Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle [1] liefde, [2] geloof, [3] diensvaardigheid, [4] volharding en [5] Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore.

Maar soos by al die ander gemeentes is daar ook 'n maar:

20. Maar Ek het dít teen julle dat julle die vrou Isebel laat begaan. Ons ken vir Isebel uit 1 Konings 16:31-34, 21:25-26 en 2 Konings 9:22.

Isebel het haar naam afgestempel op die geskiedenis as die verteenwoordiger van alles wat kwaadwillig, wraakgierig en wreed was. Sy het eenvoudig geen beginsels gehad nie en ook geen vrees vir God of 'n mens nie.

Die groot fout in Tiatira is dat hulle haar "verdra" het. Dit plaas die vraag op ons tafel van verdraagsaamheid.

Jesus + niks = Alles

Isebel sê – jy moet deelneem aan alles, en Jesus is nie genoeg nie. Ons praat van die sektariese pluspunt – jy kort nog iets naas Jesus.

Wees versigtig wat jy dink, want dit word woorde,
Wees versigtig vir wat jy sê, want dit word dae,
Wees versigtig met wat jy doen, want dit word gewoontes,
Wees versigtig met jou gewoontes, want dit vorm jou karakter,
Wees versigtig met jou karakter, want dit bepaal jou toekoms.

James Smith skryf in 2016 'n boek met die titel: "You are what you love".

Smith gryp terug na die ou kerkvader Augustinus se verstaan van menslike gedrag en die sentrale rol wat liefde speel. Begeertes vra nie net uit oor wat ons dink nie, maar vra spesifiek oor wat ons liefhet. Die grondreël is: Ons is wat ons liefhet. As ons verkeerde goed lief het en begeer, gaan ons verkeerde goed sê en doen.

Ek dink die brief aan Tiatira sê: Ons is wat ons verdra.

"We are what we tolerate".

Wat die gemeente van Tiatira vir ons kom vra vandag is: Kalibreer jouself teen 'n toleransie standaard. Ken jou toleransie vlakke – of toleransie perke, of toleransie grense. Moenie jou toleransie drumpel oortree nie.

Daar is iets soos 'n Goddelike onverdraagsaamheid of dan intoleransie.

Ons kry aan die einde van die brief die wonderlikste beloftes:

- Jesus sal klaarmaak wat Hy begin het.
- Hy is onverdraagsaam teenoor
 - Sonde
 - Selfgesentreerdheid
 - Onregverdigheid ens.

God is so onverdraagsaam teenoor sonde dat Hy sy eie Seun aan 'n kruis laat sterf.

Daarom moedig hy ons aan. Vers 25 - hou net vas wat julle het, totdat Ek kom.



En hy sluit die brief af met die wonderlike belofte: “Ek gee vir julle die môrester”. In die Bybel verwys die môrester na Jesus (Openbaring 22:16). Venus is die ster wat die nuwe dag aankondig presies op die oomblik wanneer die nag op sy donkerste is. Jesus kom sê dat daar ’n nuwe helder sonskyndag kom.

Dalk moet ons vir mekaar sê:

Jy is wat, of wie, jy aanbid.